Beoogde eksepsie

Reël 4.28.3 van die Gedragskode bepaal dat dit professioneel hoflik en behoorlik is om 'n opponent betyds in te lig dat 'n eksepsie of 'n tegniese punt wat hom in verleentheid kan bring, geopper gaan word.

Dit is 'n voorbeeld van 'n reël waar kollegialiteit hoër as die plig teenoor die kliënt gestel word. Dit kan die kliënt immers pas as 'n taktiese voordeel soos 'n kostebevel teen die ander party behaal kan word deur 'n fout van sy advokaat by wyse van 'n eksepsie of 'n punt *in limine* uit te buit.

Die reël vereis seker nie dat dit nodig is om die teenparty teen enige beoogde eksepsie te waarsku nie. Waar 'n advokaat byvoorbeeld 'n pleitstuk opstel waarin hy hom doelbewus beroep op 'n omstrede vertolking van die reg wat omstrede is, sal dit trouens nie hoflik nie maar eintlik wysneusig wees om hom te waarsku.

Reël 18 en tersydestelling van pleitstukke

Die jongste wysigings van die Hofreëls het 'n nuwe aanwendingsveld vir die reël geskep. Reël 18 bevat uitvoerige voorskrifte oor bewerings wat in verskillende pleitstukke gemaak moet word. Versuim om aan die voorskrifte te voldoen, kan volgens Reël 18 (12) daartoe lei dat die indiening van die pleitstuk as 'n onregmatige stap tersyde gestel kan word. 'n Bepaalde Balieraad het alreeds sy lede aangeraai om hulle opponente vooraf te waarsku indien hulle 'n pleitstuk ingevolge hierdie reël tersyde wil laat stel. Op die jongste jaarvergadering van die Algemene Balieraad is daar inderdaad besluit om Reël 4.28.3 in dier voege te wysig. Die gewysigde Reël sal mettertyd geformuleer en aan advokate beskikbaar gestel word. 'n Mens kan seker vra waarom 'n advokaat sy broeder se hoeder moet wees en waarom die kliënt die voordeel van 'n vergissing van die teenparty moet verbeur. Die antwoord is miskien hierin geleë: Waar 'n gebrek formeel van aard is en reggestel kan word, kan geen blywende voordeel vir 'n party uit so 'n gebrek spruit nie. Dit is ook in die belang van kliënte dat daar so gou moontlik by die kern van 'n saak uitgekom word.

Plig van die advokaat ten aansien van gesag

'n Balieraad het die geleentheid gehad om 'n beslissing te vel oor die plig van 'n advokaat om gesag onder die hof se aandag te bring. Dit het gegaan oor 'n uitspraak van twee regters in dieselfde afdeling. Dit was op die punt af, maar heeltemal teen die betrokke advokaat se saak. Die uitspraak was egter ongerapporteer.

Die betrokke Balieraad het besluit dat dit wel 'n advokaat se plig is om so 'n ongunstige uitspraak onder die hof se aandag te bring.

Ofskoon die Gedragskode nie met die aangeleentheid pertinent handel nie, word dit duidelik in *Lawsa* vol 14 par 249 gestel dat 'n advokaat verplig is om die hof in te lig oor alle relevante gesag hetsy dit sy saak bevorder of nie.

Etiese vrae

Onder Redaksie van
C Botha SC,
Pretoria-Balie

Dit kan seker nie anders nie. Die plig van 'n advokaat om 'n hof oor die reg voor te lig, is absoluut. Die reg staan ideëel gesproke vas en kan nie ter wille van 'n kliënt geplooi word nie. Die feit dat 'n uitspraak ongerapporteer is, relegeer dit nie tot 'n laer status nie. Dit kan dit net minder toeganklik maak en dit kan die versoeking skep om dit nie te openbaar nie. Selfs as 'n advokaat meen dat 'n ongunstige uitspraak verkeerd is, moet hy dit nogtans aanhaal, al is dit net om die verkeerdheid daarvan te bewys of om dit te onderskei.

Voorbereidingsgelde

Dit is heel gebruiklik om in sake waarin langdurige voorbereiding geverg word, voorbereidingsgelde per uur te vra. Dikwels is dit ietwat laer as die konsultasietarief.

Waar voorbereidingsgelde gehef word, wil dit voorkom of dit onnodig word om tussen eerstedaggelde en 'n aanvuller te onderskei. Andersom gestel:

As voorbereidingsgelde gevra word, is daar geen regverdiging vir hoër daggelde nie. Of hoe?

Konsultasie met Staatsgetuies

Die reël dat 'n advokaat nie sonder die Staat se toestemming met staatsgetuies mag konsulteer nie is welbekend.

Na verneem word, is dit die houding van *pro forma*-aanklaers in sommige statutêre dissiplinêre ondersoeke dat daar nie met getuies wat hulle wil oproep sonder hulle toestemming gekonsulteer mag word nie. Dit sal interessant wees om te verneem wat lesers se ervaring en kommentaar in hierdie verband is.

Verhaling van uitgawes

Dit is 'n interessante vraag of en hoe 'n advokaat uitgawes kan verhaal. Byvoorbeeld:

As 'n advokaat na Bloemfontein moet vlieg, las hy sy reis- en verblyfkoste op 'n sent na by sy gelde, of bou hy dit meer verskuild daarin? Net so: waar die advokaat stukke opgestel en persklaar gelewer het, is hy geregtig om die prokureur te debiteer vir sy uitgawes en tikgeld? Die voorbeeld van die reisgeld lewer seker nie 'n probleem op nie, alhoewel ultra konserwatiewe advokate nog daaroor kan frons. Die kwessie van tikkoste is 'n bietjie moeiliker. Een advokaat kan naamlik 'n voltydse tikster hê (hetsy sy eie of een wat hy deel) wat al sy werk vir hom moet tik, hoeveel daar ook al mag wees. Sy tikkoste per bladsy kan nie eers bereken word nie. As hy tikkoste probeer verhaal is hy eintlik besig om oorhoofse koste op individuele kliënte te verhaal. Dit klink verkeerd. Dan kan mens net sowel argumenteer dat 'n advokaat van 'n kliënt wat een volle dag in sy kantoor deurgebring het een dag se kantoorhuur kan vorder. Wat van die advokaat wat tikwerk laat doen teen 'n tarief per bladsy? Daar kan geargumenteer word dat dit, nes die reiskoste, 'n eenmalige, nie-herhalende uitgawe is wat wel op die kliënt verhaal kan word. Nogtans doen die gedagte vreemd aan. Daar word aan die hand gedoen dat dit nog steeds 'n uitgawe is wat bykomend by sy praktyk is en nie direk as sodanig verhaal behoort te word nie. Waar gelde gemerk word vir die opstel van stukke, is die feit dat die advokaat die stukke laat tik het, soos hy mag doen, wel relevant. Dit is relevant by die bepaling van sy gelde en ook vir die doeleindes van die taksering van die prokureur se rekening.

Advokate kan in Regshulpsake tikkoste wel *eo nomine* verhaal. Dit is egter so vanweë 'n ooreenkoms tus-

Vervolg op bladsy 50

Ciskei was a Conference of Chief Justices of the Republic of South Africa and the TBVC countries hosted here in September 1988. Matters of mutual interest were discussed on a confederal basis and more such meetings will occur in future as the need arises.

Counsel

Counsel in the Ciskei have grown to the prestigious number of four. Deva Pillay and Sol Khalimashe were joined in Bisho by Trudie Klopper and Niel Taljaard in April and July of this year respectively.

Society of Advocates founded

Ciskei got its own Bar when the Society of Advocates of Ciskei was founded on 8 September 1988. Founding members are (alphabetically):

Sol Khalimashe
Trudie Klopper (Chairman)
Deva Pillay (Add. member, Bar Council)
Niel Taljaard (Secretary)



In front of the Ciskei Supreme Court Building where the historical first meeting of Chief Justices of South Africa and of the TBVC countries took place. L/R Mr Justice P J Rabie (RSA), Mr Justice B de V Pickard (Ciskei), Mr Justice D J H le Roux (Venda), Mr Justice Theal Stewart (Bophuthatswana) and Mr Justice C E L Beck (Transkei).

The Society will gain an additional member as from 1 October 1988 when Mike Jardine, presently a member of the Grahamstown Bar, joins us.

New chambers will be occupied by the Society on 1 October 1988 situated on the 2nd Floor, West Wing, Bisho City Corporation Building, Independence Avenue, Bisho.

Etiese Vrae

Vervolg vanaf bl 39

sen die Algemene Balieraad en die Regshulpraad. Die rede waarom die ooreenkoms voorsiening maak vir die verhaal van werklike tikkoste is dat die advokaat se gelde aan 'n 25 % -afslag onderworpe is. ■

- Lesers word uitgenooi om probleme van 'n etiese aard wat hulle mag ondervind, in hierdie rubriek te stel. Die geval sal bespreek word sonder openbaring van identiteit en op so 'n wyse dat dit nie verleentheid sal veroorsaak nie. Dit sal ook waardeer word as Balierade interessante probleme wat onder hulle aandag gekom het, tot die kennis van die redaksie bring. - Redakteur.

BURSARIES

As is known members wishing to join the Society of Advocates must first serve a four month pupillage and thereafter pass an examination before they can commence practice. These requirements, although generally perceived as necessary to ensure a minimum uniform standard amongst practising advocates, do impose a very severe financial burden on would-be advocates. In order to assist candidates (particularly those from under-privileged backgrounds) to overcome these difficulties, the Johannesburg Bar Council has instituted a bursary scheme. Under this scheme it will be possible to make a grant in appropriate cases to pupils who would not otherwise have the financial resources to commence their pupillage. The bursary system will also assist such persons, in appropriate cases, to extend the period of pupillage and thereby substantially increase their prospects of passing the National Bar Examination.
The amount of any grant will vary but will be in the vicinity of R5000. It is anticipated that in almost all cases the grant will be an outright one.
Graduates who intend to make the Bar their career can communicate with Mrs Mynhardt, Secretary (Financial and Bursaries), Society of Advocates of South Africa, First Floor, Innes Chambers, Pritchard Street, Johannesburg 2001. Tel (011) 337 4495.